




# Die Maand Wat Was


## Desember 2013 Sakegesprek Beleggings Nuusbriëf

### Bateklasprestasie (per jaar) tot einde November 2013

#### Langtermyn pj van 1900 tot einde 2012



Bron: Credit Suisse





Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepalër van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar in lyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2012) presteer.

### Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes

#### 12 maande gelede



Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling aan aandele en 'n groei portefeulje het 66% blootstelling aan aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

## November 2013 - Die Maand Wat Was

### INDEKS BELEGGINGS IN WISSELVALLIGE MARKTE

Die aandelemark handhaaf steeds die uitstekende groeikoers wat in 2009 begin het, maar sommige beleggers begin wonder of daar nie inherente bedreigings in hul indeks beleggings skuil nie. Baie kritici van indeks beleggings glo dat dit die moeite werd is om 'n fondsbestuurder te betaal wanneer die aandelemark duur is, aangesien die fondsbestuurder die bates sal kies wat nie soveel soos die indeks sal daal tydens 'n ineenstorting van die mark nie. Hierdie onderwerp is van uiterste belang vir ons, aangesien baie van ons kliente 'n beduidende blootstelling aan indeks beleggings het.

Soos altyd, wanneer ons probeer om kwessies soos hierdie te verstaan, moet ons staatmaak op objektiewe inligting eerder as op emosionele argumente. Die ineenstorting van die mark in 2008 is 'n goeie voorbeeld van hoe indeks beleggings presteer in stygende en dalende markte. Die tabel hieronder toon wat gebeur het in die twee jaar voor die daling, in die jaar van die daling en in die volgende twee jaar van herstel. Dit is 'n tydperk van vyf jaar wat die minimum tydperk vir enige belegging in aandele is, indeks of nie. Ons vergelyk die prestasie van die indeks met die gemiddelde prestasie van effektetrusts wat in aandele belê is.

	Toenemende Mark	Toenemende Mark	Mark Ineenstorting	Mark Herstel	Mark Herstel	Jaarlikse Gemiddelde Groei
	2006	2007	2008	2009	2010	
Alle Aandele Indeks	41.2 %	19.2 %	-23.2 %	32.1 %	19.0 %	17.6 %
Gem Aandele Effektetrust	36.7 %	17.6 %	-22.9 %	27.2 %	18.5 %	15.4 %

Dit is duidelik dat die indeks belegging met ongeveer dieselfde persentasie gedaal het as die gemiddelde effektetrust, maar die indeks herstel gewoonlik vinniger as die gemiddelde effektetrust. Dit bewys dat die argumente wat beweer dat indeks beleggings gevaarliker is as bestuurde beleggings, verkeerd is. Dit versterk ook ons siening dat 'n indeks belegging die gemiddeld oor 'n tydperk van langer as vyf jaar uitpresteer. Vir langer periodes van tyd, glo ons dat 'n indeks belegging eintlik in die top 25% van alle fondse sal wees.

Sommige fondsbestuurders het waarde aan hul beleggers toegevoeg oor die lang termyn. Oor die afgelope tien jaar, het die beste effektetrust in Suid Afrika met 25% per jaar gegroei, terwyl die indeks met 20% per jaar gegroei het. Dit beteken dat daar wel geleenthede vir beleggers is om fondsbestuurders te kies wat die mark uitpresteer, want 'n handjievol het dit al in die verlede reggekry, maar 'n mens kan nie net staatmaak op die fondsbestuurders wat in die verlede goed presteer het nie. Baie dikwels is fondsbestuurders nie in staat om hul prestasie te herhaal nie. Daar is verskeie redes hiervoor: hulle verloor motivering omdat hulle rykdom toeneem; hulle tree af of hulle gaan werk in 'n ander industrie. Hul plaasvervangers is gewoonlik nie in staat om die prestasie van hierdie sterre te herhaal nie. Daarbenewens bereik die beste fondsbestuurders dikwels uitstekende resultate baie vroeg in hul loopbane wanneer hulle nog onbekend is en klein bedrae geld bestuur. Sodra hulle groter bedrae begin bestuur, begin van die fondsbestuurders se prestasies daal ten koste van die beleggers. Tensy jy oortuig is van jou vermoë om te voorspel watter nuwe fondsbestuurder die volgende groot presteerder gaan wees, sal jy dalk daarby baat om eerder in die indeks te belê.

### Indeks of nie?


Daar is beleggers wat aansienlike blootstelling aan indeks beleggings het en beleggers wat 100% in indeks fondse belê is. Ons kan gemaklik sê dat hulle goeie groei sal bereik oor die lang termyn en waarskynlik in die top 25% van alle fondse sal eindig. Sommige beleggers het ook geld by fondsbestuurders belê wat vertrou kan word. Ons is van mening dat hierdie fondse meer riskant is as indeks beleggings aangesien die waarskynlikheid van onderprestasie

hoog is. Dit is as gevolg van die geleentheidskoste vir die potensiaal dat hierdie fondsbestuurders die mark kan uitpresteer oor die lang termyn. Wanneer dit kom by langtermyn beleggingsbesluite, moet ons voortdurend waarskynlikhede in ag neem. Vir beleggers wat soveel sekerheid as moontlik wil hê, beveel ons indeks beleggings aan. Vir beleggers wat bereid is om groter risiko's te neem met minder sekerheid, kan die potensiële prestasie van fondsbestuurders aantreklik wees. Ter opsomming, daar is nie 'n enkele strategie wat gewaarborg is om suksesvol te wees onder alle omstandighede nie, dit is juis waarom beleggers 'n beleggingstrategie moet implementeer wat pas by sy/haar behoeftes, persoonlikheid en omstandighede.

## HOE GEREELD MOET JY NA JOU BELEGGINGS KYK?


Hierdie is 'n baie moeilike vraag en moet deur elke belegger self beantwoord word. Die vertrekpunt bly steeds dat jy moet sorg dat jou beleggings en portefeulje by jou eie omstandighede pas en dat jy presies verstaan wat die elemente is wat prestasie en wisselvalligheid gaan veroorsaak.

Ek het bloot 'n portefeulje met 70% blootstelling in aandele en 30% in kontant en rentedraende instrumente geneem en dan na die bewegings van so 'n portefeulje oor die afgelope 25 jaar gekyk. Hierdie bewegings is dan in drie periodes verdeel - periodes waar die portefeulje daal; periodes waar die portefeulje herstel tot by die vorige hoogtepunt en periodes waar die portefeulje styg soos in die grafiek hieronder geïllustreer:




Die rooi deel van die grafiek is tye wat die mark aan die daal is, die geel is wanneer die mark herstel na die vlak voor die daling en die groen is wanneer die mark verby 'n vorige hoogtepunt in 'n stygende tendens is.

Die grafieke hieronder dui aan (vir die portefeulje met 70% blootstelling in aandele en 30% in kontant en rentedraende instrumente) wat jy sou gesien het as jy met verskillende intervalle (maandeliks, kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks) na jou portefeulje sou gekyk het.




As die belegger elke maand na die portefeulje sou kyk, sou hy / sy in 35% van die gevalle 'n daling in die waarde sien; in 20% van die gevalle sou die mark besig wees om te herstel van 'n vorige daling; in 45% van die gevalle sou die belegging aan die styg wees.

### Kwartaalliks




As die belegger elke drie maande na die portefeulje sou kyk , sou hy/sy in 20% van gevalle steeds 'n daling in waarde sien teenoor drie maande tevore; in 13% van die gevalle sou die mark aan die herstel wees en in 67% van die gevalle groei.

### Half-Jaarliks



Die belegger wat elke ses maande na die portefeulje kyk, gaan in 21% van gevalle 'n daling sien; in 6% van gevalle gaan die mark aan die herstel wees maar in 73% gaan die portefeulje in die mark groei.

### Jaarliks



As 'n belegger jaarliks na die prestasie van sy portefeulje kyk, gaan die portefeulje in 83% van die tyd groei wys en slegs in 13% van gevalle daal.

Die boodskap uit hierdie voorbeelde is dat markte wisselvallig is (en steeds gaan wees) oor periodes van tyd en dat enige portefeulje by tye negatief gaan presteer. Die vraag is of dit die belegger sou gehelp het in sy / haar besluitnemings proses om maandeliks na sy portefeulje se prestasie te kyk.

### WENKE VIR 'n GEMAKLIKE FEESTYD

Die Kerseisoen is 'n feestelike tyd wat saam met vriende en familie geniet moet word. Nogtans kan dit 'n stresvolle en vermoeiende tyd wees vir gasvroue (om nie eens te praat van skoondogters, skoonma's of ernstige vriendinne nie!).

1. **Doen jou beplanning voor die tyd.** Abraham Lincoln som dit as volg op: "As ek 8 ure het om 'n boom af te kap, spandeer ek 6 ure om voor te berei (byl skerp te maak) en 2 ure om die boom af te kap". Goeie beplanning gaan die spanning verlig en sorg dat die tydsdruk beduidend verlig word.
2. **Beproef die kuns van delegeer.** Om te delegeer, beteken om iemand anders te vertrou om iets namens jou te doen. Om effektief te delegeer, werk net as jy die taak aan iemand toevertrou en

daardie persoon dan alleen laat om die taak uit te voer, soos hy / sy dit wil doen, sonder dat jy oor sy skouer kyk! (NS: As hierdie eksperiment nie werk nie, probeer dit volgende jaar weer – dit is die moeite werd, al kry jy dit eers oor 10 jaar reg!)

3. **Moenie 'n perfeksionis wees nie.** Hierdie is die feesseisoen, om dit te geniet, is belangriker as dat alles 100% reg moet wees. Wat kan erger wees as 'n klinies korrekte Kersfees sonder enige diepte - behalwe dat dit in 'n sake-ete kan ontaard *en* boonop gaan ons niks hê om volgende jaar oor te lag en te gesels nie
4. **Fokus daarop om jou sin vir humor te behou.** Daarmee saam moet jy jouself nie te ernstig opneem nie en eerder daarop fokus om die geleentheid saam met jou gaste te geniet. Om vir jouself te lag, help nie net jouself nie, maar skep die trant waarbinne mense die geleentheid gaan benader.
5. **Almal is daar om die geleentheid te geniet.** Dit sluit die gasvrou en gasheer in. 'n Feestelike geleentheid is 'n twee rigting geleentheid tussen die gaste en die gasvrou / gasheer – moet dit nie verlaag na 'n kommersiële diensleweringsooreenkoms nie!

*Onthou dat die dirigent die enigste persoon in die orkes is wat nie 'n geluid bydra tot die klank nie, maar tog in beheer van die hele musiek ervaring is – mik sien is hier lesse in vir 'n lekker familie Kersfees!*

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: [Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za) of volg Theo op Twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek).

***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrieff aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrieff databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrieff skakel of stuur 'n e-pos aan: [nuusbrieff@sakegesprek.co.za](mailto:nuusbrieff@sakegesprek.co.za).***

Mooi loop!

Theo Vorster

[Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za)

**Volg ons op  
TWITTER**



**Volg ons op twitter @sakegesprek vir program  
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus**

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om 'n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur ([www.galileocapital.co.za](http://www.galileocapital.co.za)). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: [Theo@galileocapital.co.za](mailto:Theo@galileocapital.co.za).